G. EDWARD REID

# WAARHEEN BRING ONS ONS TIENDE?

## OP SOEK NA DIE SKATHUIS



GOD EERSTE

ADVENTISTE RENTMEESTERSKAP BEDIENINGE

# WAARHEEN

BRING ONS ONS

# TIENDE?

OP SOEK NA DIE SKATHUIS

Review&Herald
PUBLISHING ASSOCIATION

**Waarheen Bring Ons Ons Tiende? Op Soek na die Skathuis.**

Kopiereg© 2019 deur die General Conference Corporation of Seventh-day Adventists®

Alle regte voorbehou

Gepubliseer deur Review and Herald® Publishing Association

*Waarheen Bring Ons Ons Tiende? Op Soek na die Skathuis* is 'n inisiatief van die Wêreldkonferensie Rentmeesterskap Bedieninge Departement.

12501 Old Columbia Pike

Silver Spring, MD 20904, VSA

stewardship.adventist.org

Geskryf deur G. Edward Reid

Geredigeer deur Johnetta B. Flomo

Reël Geredigeer deur Sandra Blackmer

Omslag deur Synesthezia Emotional Marketing, LLC

Uitleg en Ontwerp deur Johnetta B. Flomo

Hierdie materiaal kan vertaal en gedruk word met toestemming. Herprodusering van dokumente moet die kredietlyn: Stewardship Ministries, General Conference of Seventh-day insluit.

Adventists®, met toestemming gebruik. Verkoop van hierdie werk vir wins is verbode.

Skriftuurverwysings is uit die Afrikaanse Bybel, 1933/1953 weergawe,

STW 4050

ISBN: 978-0-8280-2860-8

Gedruk in die V.S.A.

# INHOUDSOPGAWE


- Voorwoord
- Inleiding

01 Die Skriftuurlike Perspektief - 4

02 Die Raad van die Gees van Profesie - 10

03 Die Tweede Tiende - 16

04 Agterstallige Tiende Regstelling - 22

05 Die Spesifieke Gebruik van die Tiende - 26

06 Ander Bedieninge - 36

07 Probleme in die Bediening of Konferensie - 40

08 Ellen White se Gebruik van die Skathuis - 44

09 Die Plig van die Konferensie - 48

10 Tiendebetaling en Eind-tyd Dringendheid - 52

# VOORWOORD

# Voorwoord

*Self-diskresie Teenoor God se Diskresie* kon 'n ander titel vir hierdie boek wees. Dit streef daarna om 'n "daar staan geskryf" antwoord te voorsien tot die pertinente vraag rakende die geskikte bestemming van ons tiende. In 'n tyd wanneer mense se harte probeer om voorrang te kry bo God se eenvoudige Woord, kenmerk onderwerping aan God se opdragte diegene wat Hom as Verlosser en Here aanvaar.

Is die Ou Testament nog steeds 'n bron van gesag vir die gelowige se gebruike vandag? Die skrywer neem duidelik aan dat sy lesers die Bybel as 'n geheel, beide Ou en Nuwe Testamente, aanvaar. Enige afwatering van die gesag van die Ou Testament oor die kwessie van tiendebetaling sal ook ander geloofsoortuigings beïnvloed, soos die Skeppingsverslag, die voedselregulasies, die huwelik, geslagsonderskeiding, en die leerstelling van die Sabbat. Hulle is almal integrale dele van die Ou Testament konstruksie.

Reid skryf vanuit die standpunt dat die leser die bediening van

Ellen G. White aanvaar as ‘n geïnspireerde boodskapper van God vir Sy eindtyd volk. Hy heg hoë waarde aan haar geskrifte as dat dit beide pastorale en profetiese gesag het.

White verduidelik waarom die “wet van die tiende” en ook die wet “van die Sabbat” nie in die Nuwe Testament herhaal is nie:

“Die Nuwe Testament herhaal nie die tiendewet, soos ook nie die Sabbatsgebod nie; die geldigheid van albei word as vanselfsprekend aanvaar, en hul diep geestelike betekenis verduidelik.”[1]

Ellen G. White beklemtoon ook dat tiende deel is van ‘n bybelse stelsel om God se werk te ondersteun, wat offergawes insluit.[2] ‘n Stelsel is “’n samehangende versameling van onderling verbonde en onderling afhanklike dele ... [waarin] die verandering van een deel van die stelsel gewoonlik die ander dele beïnvloed en die hele stelsel.”[3] Onder die verskillende dele van hierdie God-aangestelde stelsel, is ten minste vier veral betekenisvol:

1. Die Goddelike aangewese persentasie vir die tiende (Lev. 27:30).
2. Die Goddelike aangewese plek waarheen om dit te bring (Deut. 12; Mal. 3:8-10).
3. Die Goddelike aangewese manier om tiende hulpbronne aan te wend (Num. 18:21, 24).
4. ‘n regverdige stelsel van verspreiding (2 Kron. 31:11-21; Neh. 12:44-47; 13:8-14).

Die gehoorsaamheid aan die eerste twee komponente (die presiese persentasie om gegee te word en die plek waarheen dit geneem moet word) is die gewer se verantwoordelikheid. Indien enigeen van hulle verander word of afwesig is, het ons nie God se tiende nie. Hierdie boek handel oor die tweede komponent

[1] Ellen G. White, *Raad oor Rentmeesterskap*, bl. 66.

[2] “In die Bybelstelsel van tiendes en offergawes sal bedrae wat deur verskillende persone betaal word, natuurlik grootliks verskil, aangesien hulle proporsioneel is tot die inkomste” (Ellen G. White, *Raad oor Rentmeesterskap, bl. 73)*

[3] https://en.m.wikipedia.org/wiki/Systems_theory, retrieved June 11, 2019.

van hierdie stelsel: Het God 'n aangewese plek waarheen Sy tiende gebring moet word? Sommige wat die gesag van die Ou Testament ten volle aanvaar, mag nog steeds worstel met hoe om die skathuis beginsel toe te pas in 'n tydperk wanneer beide die gesentraliseerde tempel en die Levietise priesterskap nie langer bestaan nie. Ek bid dat hierdie boek vir u so nuttig sal wees as wat dit vir my was.

"Doen slegs U wil, Heer! Doen slegs U wil! O, Pottebakker; Ek is die klei."[4]

Marcos Faiock Bomfim
W.K. Rentmeesterskap Bedieninge
12 Junie 2019

[4] "Doen Slegs U Wil, Heer," *Advent Lofliedere, No. 239*.

# INLEIDING

# INLEIDING

"'Bring die hele tiende na die skathuis' (Maleági 3:10), is Gods bevel. Daar word geen beroep op dankbaarheid of vrygewigheid gedoen nie. Dié is 'n saak van doodgewone eerlikheid. Die tiende behoort aan die Here; en Hy beveel ons om aan Hom terug te besorg wat Sy eie is" (Ellen G. White, *Opvoeding*, bl. 138).

Daar is baie verwysings in die skrifte en die raad van Ellen White rakende die tiende en die gebruik daarvan. Die meerderheid van Christene vandag glo dat die wet van die tiende nog steeds bindend is. Die vraag wat van tyd tot tyd opduik, is: Waar is die skathuis vandag presies? En selfs indien ek geweet het waar dit was, moet ek al my tiende daarheen neem, of kan ek my eie diskresie gebruik en my tiende terugbring soos wat ek dink die beste is? Ander vrae wat opduik, het betrekking op onderwerpe soos:
Wat behoort ek met my tiende te doen indien ek opreg glo dat diegene wat aangewys is met die verantwoordelikheid om die tiende te versprei, dit nie op 'n verantwoordelike manier doen nie? Of wat, indien ek weet van 'n

onafhanklike bediening wat goeie werk doen, wat ek wil ondersteun? Is dit nie 'n evangeliebediening nie?

Die doel van hierdie boek is om die antwoorde te vind op hierdie vrae uit die bybelse rekord en die raad van die Gees van Profesie. Hoe pas ons as Adventiste die bybelse raad op ons dag toe? Ek sal begin deur na die *2000-2001 Werkbeleid van die Noord-Amerikaanse Divisie te kyk.*
Afdeling T 05 20 sê:

> *Daar word erken dat die plaaslike konferensievlak van genootskaplike organisasie die "skathuis" is waarheen alle tiende gestuur behoort te word en vanwaar die evangeliebediening ondersteun word. Vir die gerief van kerklidmate, word die tiende na die plaaslike konferensie gestuur deur die plaaslike kerk waar lidmaatskap gehou word.*

Sommige lidmate het gewonder of dit gepas sou wees om hulle tiende direk na genootskaplike inrigtings te stuur soos die entiteite by die Adventiste Media Bedieninge waar geordende Adventiste predikante werksaam is. Kerkleiers het gevoel dat ten einde konsekwent te wees met die Skrif en die Gees van Profesie raad en om 'n duidelike prentjie aan die lidmaatskap voor te hou, die konferensie-vlak van ons kerkorganisasie erken behoort te word as die skathuis.
Met hierdie idee in gedagte sê die NAD Werksbeleid (gestem in 1992) in T 05 25:

> *Tiende wat aan genootskaplike inrigtings betaal word, moet deur die inrigting aan die plaaslike konferensie in wie se gebied hulle geleë is, gestuur word. Die gewone persentasie ooreenkomstig beleid sal deur die plaaslike konferensie aan hulle hoër organisasie aangestuur word. Die oorskot van die tiende wat deur die plaaslike*

> *Konferensies behou word, sal gebruik word soos bepaal deur die konferensiekomitees, binne genootskaplike riglyne betreffende gebruik van tiende en met verskuldigde aandag wat gegee sal word aan die behoeftes van die inrigtings vanwaar die tiende ontvang was.* [1]

Ek glo dat hierdie twee stellings van die WK Werksbeleid in harmonie is met die geïnspireerde raad. Ons sal hierdie raad in die res van hierdie studie ondersoek.

[1] http://documents.adventistarchives.org/Minutes/NAD/NAD19921014-01.pdf



# 01

## DIE SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF

# HOOFSTUK EEN

## *Die Skriftuurlike Perspektief*

Toe God Israel uit Egipte verlos het, om weer te probeer om "Sy" volk te vestig, het Hy weer vir hulle van die tiendestelsel gesê en die ondersteuning van die dienste van die tabernakel. Tiendebetaling was klaarblyklik sedert die sondeval, en Adam en Eva se uitsetting uit die Tuin van Eden, aan die mensdom bekend. Die Bybel teken aan dat Abraham (Gen. 14:20) en Jakob (Gen. 28:22) tiendebetalers was. Toe God egter Sy volk na die Beloofde Land geneem het na die groot uittog, het Hy baie meer besonderhede rakende hierdie en ander onderwerpe uitgespel deur Sy dienskneg, Moses.

Byvoorbeeld, "Ook al die tiendes van die land, van die graan van die land, van die vrugte van die bome, behoort aan die Here; dit is heilig aan die Here" (Lev. 27:30). In God se plan moes een van die twaalf stamme, Levi, nie in gewone werksaktiwiteite betrokke raak soos die ander 11 stamme nie, maar in plaas daarvan was hierdie stam eenkant gesit vir die godsdienstige aktiwiteite en instruksie van die nasie. Hulle moes onderhou word deur die tiende en vrywillige offergawes van die ander.

Die Here (Jesus) het hulle beveel, "En kyk, Ek gee aan die kinders van Levi al die tiendes in Israel as erfdeel vir hulle dienswerk wat hulle verrig, die dienswerk van die tent van samekoms. Want die tiendes van die kinders van Israel wat hulle aan die Here as offergawe afgee, gee Ek aan die Leviete as erfdeel. Daarom het Ek aangaande hulle gesê: Hulle moet onder die kinders van Israel geen erfdeel kry nie" (Numeri 18: 21, 24).

Net voor die verowering van Kanaän het Moses aan Israel die finale raad van die Here gegee. Dit is die hoofinhoud van die boek van Deuteronómium. God het vir Sy volk gesê dat in die Beloofde Land moes hulle nie doen wat hulle in hulle eie oë as reg gesien het met betrekking tot die tiende en offergawes nie, maar hulle moes Sy plan vir hulle presies navolg. Let op Sy woorde:

> *Maar die plek wat die Here julle God uit al julle stamme sal uitkies om sy Naam daar te vestig om daar te woon, moet julle opsoek en daarheen moet jy kom. En daarheen moet julle jul brandoffers bring en julle slagoffers en julle tiendes en die offergawe van julle hand en julle gelofte- en julle vrywillige offers en die eersgeborenes van julle beeste en van julle kleinvee.... Julle moet nie doen soos ons vandag hier doen nie – elkeen net maar wat reg is in sy eie oë....Maar julle sal deur die Jordaan trek en woon in die land wat die Here julle God julle laat erwe ... Dan moet julle na die plek wat die Here julle God sal uitkies om sy Naam daar te laat woon, alles bring wat ek julle beveel: julle brandoffers en julle slagoffers, julle tiendes en die offergawe van julle hand en al julle keurgelofte-offers wat julle die Here sal belowe. ... Neem jou in ag dat jy jou*

> *brandoffers nie bring op elke plek wat jy sien nie. Maar op die plek wat die Here in een van jou stamme sal uitkies, daar moet jy jou brandoffers bring en daar alles doen wat ek jou beveel. (*Deuteronómium *12:5-14).*

Ek verwys na die bogenoemde raad as die wet van die sentrale skathuis. God het nie beplan dat elkeen sou doen wat in sy eie oë reg was nie. Hy het 'n spesifieke plan gehad, en Hy het verwag dat Sy volk dit sou volg. Dat God bedoel wat Hy sê met betrekking tot die ondersteuning van Sy werk deur Sy skatkis, word duidelik in die Skrifte gewys.

Terwyl Israel gereed gemaak het om Jerigo in te neem volgens die aanwysings wat aan hulle deur God gegee was — die roetine marsjering om die stad — het Josua vir Israel gesê, "Maar al die silwer en goud en die koper- en ystervoorwerpe is heilig aan die Here: dit moet by die skat van die Here kom." (Josua 6:19). Na die oorwinning sê die Skrifte, "En die stad met alles wat daarin was, het hulle met vuur verbrand; net die silwer en die goud en die koper– en ystervoorwerpe het hulle by die skat van die huis van die Here gevoeg" (Josua 6:24). Die hele Israel het hierdie goddelike instruksies gevolg met die uitsondering van een man – Agan. As gevolg van sy ongehoorsaamheid was 36 Israeliete by Ai gedood. Toe Josua vir die Here gevra het wat die probleem was, was aan hom gesê dat iemand ongehoorsaam was en sommige van God se deel teruggehou het in plaas daarvan om dit na die Here se skathuis te bring. God het gesê,
"Jy sal nie kan standhou voor jou vyande totdat julle die ban onder julle uit verwyder het nie" (Josua 7:13).
Daarom was Agan gestenig tot die dood, saam met sy familie.
Al hulle besittings was bo-op hulle geplaas, en hulle en hulle besittings het verbrand (Josua 7:24-26).

Baie meer kan van die Ou Testament perspektief gesê word,

maar ek sal slegs kortliks raak aan die ondervinding van Koning Dawid. Klaarblyklik was dit sy gebruik om die raad van God te volg soos uiteengesit in Deuteronómium, hoofstuk 12.

Hy sê in Psalm 66:13, "Ek sal met brandoffers in u huis ingaan; ek sal U my geloftes betaal." En weer, toe hy God se groot goedheid oordenk het, het hy gesê, "Wat sal ek die Here vergeld vir al sy weldade aan my? Ek sal die beker van verlossinge opneem en die Naam van die Here aanroep. My geloftes sal ek aan die Here betaal in die teenwoordigheid van sy ganse volk. In die voorhowe van die huis van die Here, binne-in jou, o Jerusalem" (Psalm 116:12-14, 19). Dawid het nie sy tiende iewers anders gestuur nie; hy het dit geneem, as 'n daad van aanbidding en in gehoorsaamheid van God se opdrag, na God se huis, waar God se mense was, in die voorhowe van die Here se huis.

Dawid was so geïnspireer deur God se goedheid dat hy besluit het om vir Hom 'n groot tempel te bou. Omdat Dawid 'n man van oorlog was, was hy nie toegelaat om die tempel te bou nie, alhoewel hy die planne opgetrek het en al die boumateriaal bymekaar gemaak het. Dawid het gesê, "En Hy het aan my gesê: Jou seun Salomo, hy sal my huis en my voorhowe bou, want Ek het hom vir My as 'n seun verkies, en Ék sal vir hom 'n Vader wees" (1 Kronieke 28:6). Toe later, terwyl Salomo aan die tempel gebou het, het God vir hom gesê, "Wat hierdie huis betref, wat jy besig is om te bou – as jy wandel in my insettinge en my verordeninge uitvoer en al my gebooie onderhou om daarin te wandel, dan sal Ek my woord wat Ek tot jou vader Dawid gespreek het, aan jou vervul" (1 Konings 6:12).

God het selfs vir Jesaja, die evangelieprofeet gesê, "Hulle [uitlanders, vreemdelinge, nie-Israeliete] sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers [daardie dinge wat in Deuteronómium 12 beveel was] sal

welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke" (Jesaja 56:7).

Israel was voorspoedig toe hulle God gehoorsaam het, en hulle het deur moeilike tye gegaan toe hulle nie gehoorsaam was nie. Dit het gelyk asof hulle 'n siklus van gehoorsaamheid en voorspoed gevolg het en dan ongehoorsaamheid en probleme. Dit was gedurende een van die periodes van ontrouheid dat God, deur die profeet Maleági, weer eens Sy volk uitgenooi het om na Hom terug te keer. "Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die Here." En die volk het gesê, "Waarin moet ons terugkeer?" En God het in wese daardie vraag beantwoord deur te sê, "Hou op om My te beroof!" Om Maleági aan te haal, "Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! [nie slegs een man soos in die dae van Agan nie]. Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef my tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie." (Maleági 3:6-10).

Wat kan ons dus uit die Skrifte leer oor tiende?
Eerstens, die tiende behoort nie aan ons nie. Dit is die Here s'n. Dit is heilig. ... Tweedens, ons moet God se plan presies volg met betrekking tot waarheen ons ons tiende moet terugbring. In Ou Testamentiese tye was die plek die tempel skathuis, waaruit die priesters en Leviete betaal was. Vandag sou die ekwivalent die konferensiekantoor wees, vanwaar die predikante betaal word. En derdens, die tiende moet gebruik word soos wat die Here aangewys het om die bediening te ondersteun.

# 02

## DIE RAAD VAN DIE GEES VAN PROFESIE

# HOOFSTUK TWEE

## *Die Raad van die Gees van Profesie*

Volgens Arthur White, kleinseun en biograaf van Ellen White, en sekretaris van die White Estate vir 41 jaar, "Niks is duideliker in die E.G White geskrifte nie as die instruksie aangaande die getroue betaling van tiende en die feit dat dit voorbehou word vir die ondersteuning van die bediening.
Daarvan getuig al Ellen White se stellings wat betrekking het op hierdie vraag" (Arthur L. White, *Ellen G. White: Volume 5—The Early Elmshaven Years: 1900-1905*, bl. 390).

"Ook was die presiese gebruik van die tiende, heilig aan die ondersteuning van die bediening van die kerk, herhaaldelik onder die aandag van die leiers en lidmate gebring" (Arthur L. White, *Ellen G. White: Volume 1—The Early Years: 1827-1862*, bl. 393).

God het Ellen White beïndruk met die erns van die tiende deur die plig duidelik te maak en dit te assosieer met die verbondsverhouding.

> *Hy wat Sy eniggebore Seun gegee het om vir u te sterf, het 'n verbond met u aangegaan. Hy gee u Sy seëninge, en in ruil vereis Hy van u om aan Hom u tiendes en offergawes te bring. Niemand sal dit ooit waag om te sê dat daar geen manier was waarop hy kon verstaan in verband met hierdie saak nie. God se plan rakende tiendes en offergawes word definitief genoem in die derde hoofstuk van Maleági. God doen 'n beroep op Sy menslike agente om getrou te wees aan die kontrak wat Hy met hulle aangegaan het. "Bring die hele tiende na die skathuis," sê Hy, "sodat daar spys in My huis kan wees*" (Ellen G. White*, Review and Herald,* 3 Des. 1901).

Een van die mees omvattende skathuis verwysings wat ek gevind het, bevat vier name vir die skathuis, wat ons sodoende help om te fokus op die plek waarheen God wil hê die tiende teruggebring moet word.

> *Die Here verklaar dat wat 'n mens saai, sal hy ook maai. Sal ons dan nie, deur ons goeie werke, daarna streef om die beste kwaliteit saad te saai nie? In die laaste dae van die ou jaar sal ons nie ons rekening met God regstel deur al die tiendes na Sy skathuis te bring nie? Sal enigeen probeer om God te beroof in tiende en offergawes? In die komende vakansie, laat ons geskenke nie aan mekaar wees nie, maar aan die <u>huis van God,</u> "sodat daar," sê Hy, "spys in <u>My huis</u> kan wees." In plaas daarvan om ons tyd en middele te gebruik om iets te kry om ons vriende te verras en tevrede te stel, sal ons nie al ons offergawes in God se skathuis uitstort nie? Sal ons nie 'n dankoffer aan die Here gee nie? Sal diegene wat bely om Christene te wees nie hierdie saak in sy ware verband sien nie? Sal hulle nie wakker word tot 'n gevoel van hulle verpligting*

> *tot God, en aan Hom sy eie gee nie?* (Ellen G. White*, Review and Herald,* 8 Des. 1896*).*

Wat 'n unieke paragraaf. "Sy skathuis," "die huis van God," "My huis," en "God se skatkis" word afwisselend gebruik. Klaarblyklik is hulle een en dieselfde. Ek het geen bewys gevind in die Bybel of die Gees van Profesie dat die skathuis enigiets anders is as dit wat die WK beleid noem nie. Dit is die plek vanwaar die predikante betaal word, die konferensie skatkis wat die tiendes van die plaaslike kerke ontvang waarheen dit teruggebring word deur die kerklidmate.

Indien die plek van die skathuis so eenvoudig is, waarom lyk dit asof mense so 'n moeilike tyd het om dit te vind? Die antwoord is verbasend eenvoudig.

> *Baie presidente van konferensies gee nie aandag aan dit wat hulle werk is nie—om toe te sien dat die ouderlinge en diakens van die kerke hulle werk in die kerke doen nie, deur toe te sien dat 'n getroue tiende na die skatkis gebring word nie. Maleági het gespesifiseer dat die toestand van voorspoed afhang daarvan om na God se skatkis te bring dit was Sy eie is. Hierdie beginsel moet dikwels voor die manne gebring word wat laks is in hulle plig aan God, en wie nalatig en onverskillig is om hulle tiendes, gawes, en offergawes aan God te bring.... Lees asseblief hierdie hele hoofstuk [Maleági 3], en kyk of woorde gespreek kan word wat duideliker en meer positief as hierdie is. Hulle is so positief dat geeneen wat verlang om sy hele plig aan God te verstaan enige fout in die saak kan maak nie. Indien manne enige verskoning aanbied waarom hulle nie hierdie plig kan nakom nie, is dit omdat hulle selfsugtig is, en*

*nie die liefde en vrees van God in hulle harte het nie.*
(E. G. White, *Testimonies to Ministers,* bl. 305*).*

Ons het 'n neiging om te dink dat sommige sondes nie afskuweliker as ander is nie. Byvoorbeeld, vir die meeste verstande is die sonde van owerspel bo-aan die lys van moeilikhede waarin 'n persoon betrokke kan raak. Dit kom nogal as 'n verrassing dat, "om God te beroof, is die grootste misdaad waaraan die mens kan skuldig wees; en tog is hierdie'n diepwortelende sonde en wyd versprei" (Ellen G. White*, Raad oor Rentmeesterskap,* bl. 86).

Tiendebetaling is nie 'n grys area in die Skrif of die Gees van Profesie nie. "God wil hê dat al Sy rentmeesters presies moet wees in die navolging van goddelike reëlings. Hulle moenie die Here se planne verreken met een of ander daad van liefdadigheid nie, of een of ander offergawe, gedoen en gegee wanneer en hoe hulle, die menslike agente, dit goeddink. God het Sy planne bekend gemaak, en almal wat met Hom saamwerk sal Sy plan uitvoer in stede daarvan om dit te waag om te probeer om daarop te verbeter deur hulle eie reëlings.... God sal hulle eer en namens hulle werk, want ons het Sy woord wat beloof dat Hy die vensters van die hemel sal oopmaak en so 'n seën op ons sal uitstort dat daar nie plek genoeg sal wees om dit te ontvang nie." (Ellen G. White*, That I May Know Him*, p. 221).

HY WAT Sy eniggebore Seun gegee het om vir u te sterf, het ‘n verbond met u gesluit. Hy gee u Sy seëninge, en in ruil daarvoor verwag Hy tiendes en offergawes van u. Niemand sal ooit durf sê dat daar geen manier vir hom was waarop hy die saak kon verstaan nie. Gods plan met tiendes en offergawes word onomwonde in die derde hoofstuk van Maleági verklaar.

God verwag getrouheid van Sy menslike rentmeesters aan die kontrak wat Hy met hulle aangegaan het.

– Ellen G. White, *Raad oor Rentmeesterskap,* bl. 75.

# 03

## DIE TWEEDE TIENDE

# HOOFSTUK DRIE

## *Die Tweede Tiende*

Die feit dat die Here, toe Hy oor die tiende gepraat het, blykbaar voorgestel het dat die tiende vir twee verskillende doeleindes gebruik moet word, was vir sommige 'n bron van kommer. (SienNumeri 18:21, vgl. Deuteronómium 14:23, 21; 16:11-14.)

Die geheim kan opgelos word deur te besef dat daar twee verskillende tiendes is. 'n Eerste tiende, die Here se tiende, en 'n tweede tiende waarna somtyds verwys word as die liefdadigheidstiende. Hierdie gebruik is ietwat soos die instelling van die Sabbat waar u "die Sabbat van die Here" het en die sabbatte van die heiligdomstelsel.

In studies wat hy gedoen het, sê Dr. Angel Rodriguez, "Dit is voor die hand liggend dat daar betekenisvolle verskille is tussen hierdie wetgewing [daardie gevind in Deutoronómium] en die gevind in Levitikus en Numeri. Die belangrikste verskille is:

1. In Deuteronómium was tiende slegs op graan, wyn, en olie, opgelê, terwyl in die ander wetgewing was dat tiende betaal moes word op

al die opbrengs van die aarde en die vermeerdering van die troppe en kuddes.

2. Alhoewel die tiende wat in Deuteronómium bespreek was, deur die Here vereis was, het dit aan die familie behoort wat dit na die heiligdom gebring het. Levitikus en Numeri hanteer 'n tiende wat uitsluitlik aan God behoort het, en wat deur Hom aan die Leviete en priesters gegee was.

3. Tiende in Deuteronómium moes gebruik word deur die Israeliete vir 'n familiesamesyn om by die sentrale heiligdom geëet te word. Die ander wetgewings het nie daarvoor toegelaat nie. Hulle het die eet van die tiende beperk tot die Leviete, die priesters, en hulle onderskeie families.

"Die gevolgtrekking lyk onafwendbaar dat ons hier met twee verskillende tipes van tiende te doen het. Dit lyk nie moontlik om dit wat ons in Deuteronómium het, gelyk te stel met die wetgewing in Levitikus en Numeri nie. Rabbynse tradisies het die tiende wat in Levitikus opgeteken was "die eerste tiende' en die een in Deuteronómium 'die tweede tiende.'

"Om sake te verder te kompliseer, noem Deuteronómium 14:28, 29 en 26:12-15 'n tiende wat in die derde jaar gegee moes word. Hierdie tiende was van die opbrengs van die aarde en was veronderstel om in die dorpe gehou te word. Die doel daarvan was dat 'Leviete ... en vreemdelinge en die wees en die weduwee wat in jou poorte is, en hulle moet eet en versadig word' (14:29).

"Is hierdie 'n derde tiende? Sommige het dit geïnterpreteer as 'n derde tiende, maar andere het geargumenteer dat hierdie wetgewing 'n ander gebruik vir die tweede tiende elke drie jaar beskryf. Hierdie laaste interpretasie is waarskynlik reg. Vir twee

jaar was die tweede tiende na die heiligdom gebring en daar geëet deur die Israeliete maar 'al om die derde jaar moes hierdie tiende egter tuis gebruik word om die Leviet en die arme te onthaal" (Ellen G. White*, Patriarge en Profete,* bl. 558).

"Hierdie tweede tiende was ook gebaseer op die oortuiging dat dit God was wat Israel geseën het (12:6, 7). Die doel hiervan was egter om eerbied vir die Here te leer (14:22) en om vir die behoeftige te voorsien (26:12). Dit lyk asof hierdie tiende 'n "liefdadigheid" tiende was binne die Israelietise teokrasie" (Dr. Angel Rodriguez, *Stewardship Roots: Toward a Theology of Stewardship, Tithe, and Offerings*, ble. 55, 56).

Hierdie selfde gevolgtrekking word verduidelik in die geskrifte van Ellen White. Wanneer sy God se sorg vir die arme bespreek, sê sy:

> *Om die volk aan te moedig om die eredienste by te woon en vir die armes te sorg, is 'n tweede tiende van hulle wins vereis. Aangaande die eerste tiende het die Here gesê:* "Ek gee aan die kinders van Levi al die tiendes in Israel," *Numeri 18:21. Maar aangaande die tweede tiende het Hy beveel,* "*Jy moet voor die aangesig van die Here jou God op die plek wat Hy sal uitkies om sy Naam daar te laat woon, die tiendes eet van jou koring, van jou mos en van jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en van jou kleinvee, dat jy kan leer om die Here jou God altyd te vrees" (Deuteronómium 14: 23, 29; 16:11-14) Hierdie tiende, of dieselfde waarde in geld, moes hulle twee agtereenvolgende jare na die plek bring waar die heiligdom gestaan het. Nadat hulle aan die Here 'n dankoffer en aan die priester 'n vasgestelde deel gegee het, moes die offeraars die oorskiet gebruik om 'n godsdienstige fees te hou waaraan die Leviet, die vreemdeling, die wees en die weduwee moes deelneem.*

> *Op hierdie manier is voorsiening gemaak vir die dankoffers en die feeste tydens die jaarlikse feeste, en terselfdertyd is die volk met die priesters en die Leviete in aanraking gebring sodat hulle die geleentheid kon hê om in die diens van God onderrig en bemoediging te ontvang.*
>
> *Al om die derde jaar moes hiedie tweede tiende egter tuis gebruik word om die Leviet en die arme te onthaal, soos Moses gesê het, "... dat hulle in jou poorte kan eet en versadig word" (Deuteronómium 26:12). Hierdie tiende sou die middele voorsien om gasvryheid en weldadigheid te betoon (*Ellen G. White*, Patriarge en Profete, bl. 558*).

Ongelukkig, soos in die geval van die eerste tiende, was die Jode nie altyd getrou met die gebruik van die tweede tiende op die derde jaar nie. "Die Here het beveel dat elke derde jaar 'n tiende opgeneem moes word tot voordeel van die arme—*'n tiende bykomend tot en heeltemal afsonderlik van wat elke jaar vir die diens van God gegee was. In plaas daarvan om hierdie wet van vriendelikheid, liefde, en genade, te onderhou het hulle [ryk Jode] voordeel getrek uit die benodigdhede van die arme om buitensporige pryse te vra, byna dubbel van wat 'n artikel in werklikheid werd was"* (Ellen G. White, *Second Advent Review and Sabbath Herald,* 11 Maart 1884, Beklemtoning bygevoeg).

Soos wat ons gesien het, was hierdie twee tiendes, die eerste, — die Here se tiende wat aan God teruggebring was by die heiligdom en deur die Here aan die priesters en Leviete gegee, en die tweede — die liefdadigheidstiende, wat deur die mense gebruik was om die minderbevoorregtes te ondersteun en voedsel te voorsien tydens die tyd van die jaarlikse godsdienstige byeenkomste, was apart en het van mekaar verskil. Een was gemaak om God se eienaarskap en ons verbondsverhouding met Hom te erken, en die ander was om die geleentheid te gee om

kanale van seën aan andere te wees en om selfsugtigheid uit te wis (Ellen G. White, *Opvoeding*, bl. 44).

Vir ons doelstellings in hierdie studie van die skathuis kan tereg tot die gevolgtrekking gekom word dat die eerste tiende — die Here se tiende, dit wat heilig aan die Here is — getrou aan Hom teruggebring moet word om Sy kerk en sy werkers, die moderne "priesters en Leviete" te ondersteun.

# 04

## AGTERSTALLIGE TIENDE—REGSTELLING

# HOOFSTUK VIER

## *Agterstallige Tiende - Regstelling*

Die skathuis kan opgespoor en bepaal word deur uit verskeie oogpunte te kyk. Klaarblyklik het mense op verskeie geleenthede na Ellen White gekom en gevra hoe om behoorlik regstellinig te doen van agterstallige tiende. Haar ondervinding in Battle Creek was tipies.

> *Besliste vooruitgang in geestelikheid, godsvrug, liefde en aktiwiteit het gekom as gevolg van die spesiale dienste in die Battle Creek gemeente. Preke is gelewer oor watter sonde dit is om God van tiendes en offergawes te beroof..... Baie het bely dat hulle jare lank nie tiendes betaal het nie en ons weet dat God nie diegene kan seën wat Hom beroof nie, en dat die Kerk moet ly as gevolg van die sondes van sy individuele lidmate. Daar is baie name op ons Kerkboeke; en as almal sonder versuim aan God 'n eerlike tiende sou betaal, wat Sy deel is, sou daar geen gebrek aan middele in die skatkis wees nie. ... Terwyl die sonde van roof teenoor God aangebied is, het die mense hul*

> *plig en voorreg in hierdie saak duideliker verstaan. Een broeder het gesê dat hy twee jaar lank nie sy tiende betaal het nie, en was wanhopig; maar terwyl hy sy sonde bely het, het hy weer begin hoop. "Wat moet ek doen?" was sy vraag.*
>
> *Ek sê toe: "Gee jou skuldbewys aan die kerktesourier; dit sou prakties wees." Hy het dié versoek ietwat vreemd gevind; maar hy het gaan sit en begin skryf: 'Vir waarde ontvang. Het ek nie dag na dag die seëninge van God ontvang nie? Het Sy engele nie oor my gewaak nie? Vir waarde ontvang, beloof ek om die bedrag van $571.50 aan die kerktesourier te betaal.' Nadat hy alles gedoen het wat hy kon, was hy 'n gelukkige man. Binne 'n paar dae het hy die promesse afgekoop en sy tiende in die skatkis gestort. Hy het ook 'n Kersgeskenk van $125 gegee.* (Ellen G. White*, Review and Herald*, 10 Februarie 1889, [Ellen G. White*, Raad oor Rentmeesterskap, ble.* 95, 96]).

Later toe Ellen White kommentaar gelewer het oor hierdie gebeurtenis, het sy verduidelik, "Hy het sy nota aan die sekretaris van die konferensie gegee vir die tiende wat hy weerhou het en die rente daarop" (Ellen G. White, *Testimonies to the Church*, vol. 5, bl. 643).

"Indien u die Here beroof het, stel dit reg. So ver as moontlik, maak die verlede reg, en vra dan die Heiland om u te vergewe" (Ellen G. White*, The Faith I Live By*, bl. 161).

Op ‘n baie konsekwente basis het Ellen White die kerklidmate aangespoor om seker te maak dat hulle rekenings met God aan die einde van die jaar op datum was. Rakende ‘n ondervinding in Australië het sy gesê:

> *Een broeder, met ‘n edele voorkoms, ‘n afgevaardigde uit Tasmanië, het na my toe gekom en gesê: ‘Ek is bly ek het u vandag oor tiendeheffing hoor praat. Ek het nie geweet dat dit so ‘n belangrike saak is nie. Ek durf dit nie langer verwaarloos nie.’ Hy is tans besig om sy tiendes vir die afgelope twintig jaar te bereken, en sê hy sal dit alles so vinnig moontlik betaal, want hy kan dit nie bekostig dat roof teenoor God in die hemelse boeke aangeteken moet wees om in die oordeelsdag oor sy hoof te hang nie.*
>
> *Een suster wat aan die gemeente te Melbourne behoort, het elf pond [$54] agterstallige tiende gebring, want sy het nie begryp dat dit haar plig is om dit te betaal nie. Soos hulle die lig ontvang, het baie hul skuld teenoor God bely en hulle vasberadenheid uitgespreek om hierdie skuld te vereffen..... Ek het voorgestel dat hulle hul skuldbewys in die skatkis plaas, met die belofte om die volle bedrag van ‘n eerlike tiende te betaal sodra hulle die geld in die hande kan kry om dit mee te doen. Baie hoofde het instemmend geknik, en ek het die vertroue dat ons nie volgende jaar, soos nou, ‘n leë skatkis sal hê nie”* (E. G. White, *Raad oor Rentmeesterskap,* ble. 96, 97).

Soos ons kan verwag, het Ellen White hier weer, wanneer iemand wens om dinge met God reg te maak, raad gegee om die tiende aan die skatkis terug te gee. Sy het diegene wat daarna gestreef het om regstelling te doen, opdrag gegee om ‘n nota aan die kerk-tesourier te skryf of die sekretaris van die konferensie op ‘n besigheidsmanier. Sy het nooit enige een raad gegee om dit slegs vir een of ander goeie saak te gebruik nie.

# 05

## DIE SPESIFIEKE GEBRUIK VAN DIE TIENDE

# HOOFSTUK VYF

## *Die Spesifieke Gebruik van die Tiende*

Die getuienis is duidelik. Uit die skriftuurlike model moet "die" tiende na "die" skathuis of skatkis gebring word vir die doel om "die" bediening te ondersteun. Vir Sewendedag-Adventiste was dit een van die hoofredes vir kerkorganisasie. Daar was aansienlike teenstand teen organisasie aangesien baie van die voornemende lidmate uit georganiseerde kerke gegooi was om "Adventiste" te word. Daar was deur baie gevoel dat kerkorganisasie deel van Babilon was en vermy moes word. Ellen White, as een van die baanbrekers van ons kerk, gee ons 'n insig waarom organisasie nodig was.

> *Soos wat ons ledetal verhoog het, was dit duidelik dat sonder een of ander vorm van organisasie daar groot verwarring sou wees, en die werk sou nie suksesvol vooruit kon gaan nie. Om te voorsien vir die <u>ondersteuning van die bediening</u> om die werk na nuwe velde te neem, vir beskerming van beide die kerke <u>en die bediening teen onwaardige</u> lede, vir die behouding van kerkeiendomme, vir die publisering van die waarheid deur die drukpers, en vir*

*baie ander doelstellings, was organisasie onontbeerlik.*

*Daar was egter 'n sterk gevoel daarteen onder ons mense. Die eerste-dag Adventiste was gekant teen organisasie, en die meeste van die Sewendedag-Adventiste het dieselfde sienswyses gehandhaaf. Ons het die Here in ernstige gebed gesoek sodat ons kon verstaan wat Sy wil was, en lig was deur Sy Gees aan ons gegee dat ten einde dat daar orde en deeglike dissipline in die kerk moet wees, organisasie belangrik was. Stelsel en orde word in alle werke van God dwarsdeur die heelal gemanifesteer. Orde is die wet van die hemel, en dit behoort die wet van God se volk op die aarde te wees* (Ellen G. White, *Testimonies to Ministers,* bl. 26, beklemtoning bygevoeg).

Die grondbeginsel van hierdie raad is dat daar 'n georganiseerde kerk moet wees om vir die kerke te voorsien en die kerke en bediening teen onwaardige lidmate te beskerm. Daar sal 'n proses wees waardeur 'n persoon tot die bediening georden sou word. Ons sal later die verantwoordelikheid van die konferensie met betrekking tot die bediening bespreek.

Sodra die kerk georganiseer was met 'n geordende geestelike, het dit die lidmaatskap beskerm teen diegene wat nie goedgekeur was om die kerk te verteenwoordig nie en ook 'n gereelde salaris van die konferensie verseker sodat die predikant sy volle tyd aan die werk van die bediening kon wy. Met hierdie stelsel in plek kon die kerkleiers beplan vir die ondersteuning van die bestaande werk en die ontwikkeling van werk in nuwe velde. Die uitbreiding van die werk was van uiterste belang vir die kerk

en sy leiers aangesien die vervulling van die evangelie opdrag die eerste prioriteit was.

Die raad van die Here aan die Oorblyfselkerk het oor en oor die spesiale status van die tiende en die ordelike ondersteuning van die bediening van die evangelie beklemtoon.

> *Die tyd het aangebreek wanneer die tiendes en offergawes wat aan die Here behoort, gebruik moet word in die voltooiing van 'n besliste werk. Dit behoort na die skatkis gebring te word om op 'n ordelike manier gebruik te word om die evangeliebedienaars in hulle werk te ondersteun* (*Maleági 3:10 aangehaal*) (*Manuscript Release,* vol. 19, bl. 376).

Wanneer die bestuurders en werkers in ons inrigtings aangemoedig word om getrou te wees in tiendes en offergawes het Ellen White die behoefte vir voldoende fondse om vir die werk in nuwe velde te voorsien, beklemtoon.

> *Hoor die woorde van die Allerhoogste God, julle wat God beroof het: 'Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees' — nie 'n karige gedeelte nie, nie 'n helfte nie, of 'n kwart nie, maar* 'die hele tiende*...dat daar baie spys in my huis kan wees.' Die rede is so duidelik dat dit ditself aanbeveel aan elkeen wat die haatlike plant van selfsug gekoester het— 'sodat daar spys in My huis kan wees.' Die rede waarom die Here al die tiendes in die skatkis wil hê, is sodat daar nie 'n skaarsste van fondse sal wees wanneer Sy voorsienigheid nuwe velde open om deur die boodskapper van die waarheid gevul te word nie, sodat siele wat so kosbaar in die oë van God soos u eie is tot die kennis van die ware God en Jesus Christus, wat Hy gestuur het, kan kom, en op hulle beurt sendelinge*

> *vir die siele van andere kan wees* (Ellen G. White*,*
> *Brief 31, 1891, 149,* bl. 61, beklemtoning bygevoeg).

In algemene raad aan die hele kerkfamilie deur die kerktydskrif, het Ellen White die volgende vermaning gegee:

> *Hierdie manier van gee, word nie aan impulsiwiteit oorgelaat nie. God het ons definitiewe opdragte gegee rakende dit. Hy het tiendes en offergawes gespesifiseer as die mate van ons verpligting ... Laat elkeen sy inkomste, wat alles 'n seën van God is, ondersoek, en die tiende eenkant sit as 'n aparte fonds, om heilig die Here s'n te wees. Hierdie fonds behoort nie in enige geval vir enige ander gebruik toegesê te word nie; dit moet alleenlik toegewy word aan die ondersteuning van die evangelie. Nadat die tiende eenkant gesit is, laat gawes en offergawes verdeel word, 'volgens hoe God u geseën het' (Review and Herald,* 9 Mei 1893).

Opregte Christene het nog altyd belanggestel om die armes te help. Dit is 'n werk wat Jesus Self goedgekeur en aanbeveel het. Ondersteuning vir die armes moes egter kom uit spesiale bydraes en nie uit die tiende nie.

> *In die sesde hoofstuk van Handelinge word ons gewys dat toe manne gekies was om posisies in die kerk te vul, die saak voor die Here gebring was, en baie opregte gebed was vir leiding aangebied. Die weduwees en vaderloses moes deur die bydraes van die kerk ondersteun word. Hulle behoeftes was nie verlig deur die kerk [skatkis] nie maar deur spesiale donasies. Die tiende moes aan die Here toegewy word, en moes altyd gebruik word vir die ondersteuning van die bediening*
> (Ellen G. White*, Welfare Ministry,* bl. 275, beklemtoning bygevoeg).

Uit die standpunt van kerkadministrasie, ontstaan daar somtyds unieke probleme. Byvoorbeeld, klaarblyklik omdat tiendepersentasie, 10 persent is, soos duidelik uitgespel in die Skrifte, en aangesien die gedeelte van ons fondse wat in offergawes gegee word, aan die diskresie van die individuele gewer oorgelaat word, is daar gewoonlik 'n baie groter gedeelte wat in "tiende" teruggegee word as in "offergawes". Klaarblyklik het die Wêreldkonferensie President A. G. Daniels vrae gehad oor of dit gepas sou wees om van die groter tiendefonds vir ander spesiale projekte te gebruik. Toe Ellen White van die vraag gehoor het, het sy 'n brief aan Leraar Daniels geskryf.

> *Ek stuur vanoggend vir u 'n brief wat vir Amerika geskryf is...wat u sal wys hoe ek dit sien dat die tiendegeld vir ander doeleindes gebruik word. Dit is die Here se spesiale inkomstefonds vir 'n spesiale doel. Ek het hierdie saak nooit so ten volle verstaan as wat ek dit nou verstaan nie. Deur vrae wat aan my gerig was om te beantwoord, het ek spesiale opdrag van die Here dat die tiende vir 'n spesiale doel is, toegewy aan God om diegene te ondersteun wat dien in die heilige werk as die Here se uitverkorenes om Sy werk te doen nie slegs in prediking nie, maar in bediening. Hulle behoort almal te verstaan wat dit beteken. Daar moet spys in die huis van God wees, wie die waarheid glo, om 'n getroue tiende aan die Here te gee, en predikante moet aangemoedig en onderhou word deur daardie tiende* (*Aan Leraar A. G. Daniels,* 16 Maart 1897, herdruk in *Manuscript Releases,* vol. 1, bl. 187).

Dit lyk asof ons uit die ondervindings van antieke Israel behoort te leer. Wanneer ons ookal God se raad volg, sal daar seëninge wees. Wanneer ons ons eie weg inslaan en ons oordeel gebruik in plaas van Sy plan sal probleme altyd die gevolg wees. Tog, ten spyte van al die raad, lyk dit asof daar altyd 'n element in die kerk is wat om een of

ander rede die tiende wil terughou (sien Ellen G. White*, Testimonies to Ministers*, bl. 474). Oor en oor toe tiende teruggehou was, sou Ellen White raad aan die kerk gee.

> *Opdrag is aan my gegee dat daar 'n terughouding van die tiende is wat getrou na die Here se skathuis gebring behoor te word, vir die ondersteuning van die predikante en sendelinge wat die Skrifte vir die mense open, en van huis tot huis werk* (*Review and Herald,* 20 April 1905).

En in die onderhouding van hierdie werkers, gaan sy voort om te sê:

> *Hierdie werkers moet hulle bes doen, as die Here se ligdraers. Soos wat hulle nederig saam met God wandel, sal engele van die hemel met hulle saamwerk, en indrukke op die verstande maak. In die verlede het engele van God langs Sy boodskappers gestaan, terwyl hulle die standaard verhoog het wat die inskripsie dra, 'Die gebooie van God en die Geloof van Jesus.' Die predikant en evangelis wat in die Here se wingerd werk, moet ondersteun word. Ons kan deel hê in die werk deur die middele na die skathuis te bring vir die lewensmiddele van die Here se uitverkorenes (Review and Herald,* 20 April 1905).

In die afsluiting van hierdie gedeelte, sal ek nog eenkeer verwys na die raad van die Here deur Ellen White. Tien jaar na haar brief aan Leraar Daniels was sy gevra om die Kaliforniese verkiesings-vergadering toe te spreek in Januarie 1907. Sy het hierdie geleentheid gebruik om miskien haar mees omvattende stelling oor getroue rentmeesterskap aan te bied. Haar hele toespraak is opgeteken in *Testimonies to the Church,* volume 9, bladsy 245-251. Ek beveel hierdie materiaal sterk aan by elke lidmaat en werker.

Byna enige vraag wat iemand mag hê oor die tiende en die gebruik daarvan, word gedek in haar aanbieding. As deel van haar opsomming het sy gesê:

> *Lees die derde hoofstuk van Maleági noukerig en sien wat God sê oor die tiende. Indien ons kerke hulle standpunt sou inneem op die Here se woord en getrou sal wees in die betaling van hulle tiende in Sy skatkis, sal meer werkers aangemoedig word om in ministeriële werk betrokke te raak. Meer manne sal hulleself aan die bediening gee indien hulle nie vertel sal word van die uitgeputte skatkis nie. Daar behoort 'n oorvloedige voorraad in die Here se skatkis te wees, en daar sou wees indien selfsugtige harte en hande nie die tiendes teruggehou het of daarvan gebruik gemaak het om ander dele van die werk te ondersteun nie.*
>
> *God se bestemde middele moet op geen toevallige manier gebruik word nie. Die tiende is die Here s'n, en diegene wat daarmee inmeng, sal gestraf word met die verlies van hulle hemelse skat tensy hulle hulle bekeer. Laat die werk nie langer verskans word omdat die tiende na verskeie kanale herlei is anders as die een waarna die Here gesê het dit behoort te gaan nie. Voorsiening moet gemaak word vir hierdie ander dele van werk. Hulle behoort onderhou te word, maar nie uit die tiende nie God het nie verander nie, die tiende moet nog steeds gebruik word vir die ondersteuning van die bediening. Die opening van nuwe velde vereis meer ministeriële doeltreffendheid as wat ons nou het, en daar moet middele in die skatkis wees* (Ellen G. White*, Testimonies to the Church, vol. 9,* ble. 249, 250, beklemtoning bygevoeg).

Sommige vra vandag, Waarom hou ons nie 'n gedeelte van die tiende in ons plaaslike kerk waar die bediening van die evangelie in werklikheid plaasvind nie? In werklikheid word die predikant wat aan die gemeente voorsien is, betaal deur die

tiende volgens God se plan. Hoe moet plaaslike uitgawes dan gedek word?

> *Die tiende moet nie verteer word in toevallige uitgawes nie. Dit behoort aan die werk van die kerklidmate. Hulle moet die kerk ondersteun deur hulle gawes en offergawes. Wanneer hierdie saak in al sy verhoudings gesien word, sal daar geen vraag wees oor hierdie onderwerp nie (Manuscript Releases,* vol. 1, bl. 184*).*

Inderwaarheid word aan ons gesê dat indien ons getrou sal wees in die navolging van God se plan, dat ons offergawes 1,000 persent sal verhoog! Let op die volgende:

> *Indien al die tiendes van ons mense in die skatkis van die Here sal invloei soos dit behoort, sal sodanige seëninge ontvang word dat gawes en offergawes vir heilige doeleindes tienvoudig sal vermeerder [1000%], en sodoende sal die kanaal tussen God en die mens oopgehou word (*Ellen G. White*, Testimonies to the Church,* vol. 4, bl. 474).

Vanuit Ellen White se perspektief was een van die hoofredes vir kerkorganisasie sodat daar 'n gekwalifiseerde en besoldigde ministeriële mag kon wees om die werk van kerkleierskap voort te sit. Die tiende moes na God se skatkis teruggebring word sodat die bediening ondersteun kon word en ook om 'n reserwefonds te voorsien om bykomende werkers by te voeg wanneer deur die voorsiening van God nuwe velde geopen word.

Wat van u rentmeesterskap?

Het u gedurende die afgelope jaar die God van tiendes en offergawes beroof?

Kyk na u propvol skure, na u kelders waarin die goeie dinge geberg is wat God aan u geskenk het, en vra uself af of u aan die Gewer terugbesorg het wat Hom toekom. As u die Here beroof het, doen vergoeding. Bring die verlede sover moontlik in die reine, en vra dan die Heiland om u te vergewe.

– Ellen G. White, *Raad oor Rentmeesterskap, bl. 98.*

# 06

## ANDER BEDIENINGE

# HOOFSTUK SES

## *Ander Bedieninge*

Dit behoort heel voor die hand liggend te wees dat uit die perspektief van die Bybelskrywers en die Gees van Profesie, dat daar slegs een bediening was — "die" bediening — wat deur die tiende van God se volk ondersteun moes word. Die Skrifte gee geen aanduiding dat "para-kerkbedieninge" ook deur die tiende ondersteun moes word nie. Die vraag word dikwels gevra, "Maar doen hulle ook nie 'n werk net so bruikbaar vir die saak as die gewone bediening nie?" Ons kon antwoord, "Miskien!" Maar daar is geen rede dat iemand sy tiende van die een plek waarheen God ons gevra het om dit te stuur, behoort te verskuif nie. Die raad is duidelik. Ander goeie sake moet ondersteun word maar nie uit tiende nie.

Met vewysing na Ellen White se aanbieding aan die kiesers by die Kaliforniese staat konferensie, lees ons,

> *Die gedeelte wat God voorbehou het vir Homself, moenie herlei word na enige ander doel as dit wat Hy gespesifiseer het nie. Laat niemand vry voel om hulle tiende te behou om dit volgens hulle eie oordeel te gebruik nie. Hulle moet dit nie vir*

> *hulleself gebruik in 'n noodgeval nie, en ook nie aan te wend soos wat hulle dink is goed nie, selfs in wat hulle mag sien as die Here se werk nie* (Ellen G. White, *Testimonies to the Church,* vol. 9, bl. 247).

Maar wat van die predikante? Kan hulle nie hulle eie diskresie gebruik rakende die terugbring en gebruik van tiende nie? Die raad is:

> *Die Predikant behoort deur voorskrif en voorbeeld die mense te leer dat die tiende heilig is. Hy behoort nie te voel dat hy dit kan terughou en aanwend volgens sy eie oordeel omdat hy 'n predikant is nie. Dit is nie syne nie. Hy is nie vry om aan homself toe te wy wat hy ookal dink sy reg is nie. Hy behoort nie sy invloed te gee aan enige planne om die tiendes en offergawes wat aan God toegewy is, te herlei van hulle wettige gebruik nie. Dit moet in Sy skatkis geplaas word en heilig gehou word vir Sy diens soos wat Hy bepaal het* (Ellen G. White, *Testimonies to the Church,* vol. 9, ble. 247, 248).

Ons kerke vandag, net soos die heiligdom van ouds, moet verteenwoordigend wees van God se huis op hierdie aarde. Hulle moet goed onderhou word.

> *Sy volk vandag moet onthou dat die huis van aanbidding die Here se eiendom is en dat dit noukeurig versorg moet word. Die fondse vir hierdie werk moet egter nie uit die tiende kom nie* (Ellen G. White, *Testimonies to the Church,* vol. 9, bl. 248).

Indien taal enige betekenis het, is daar geen rede om op hierdie punt verward te raak nie.

> *'n Baie eenvoudige, definitiewe boodskap was aan my gegee*

*vir ons mense. Ek was gebied om hulle te sê* <u>*dat hulle 'n fout maak deur die tiende aan te wend vir verskeie doele wat, alhoewel goed in hulleself is, nie die doel is waarvoor die Here gesê het die tiende aangewend moet word nie.*</u> *Diegene wat hierdie gebruik van tiende maak, wyk af van God se reëlings. God sal oordeel oor hierdie dinge.*

*Een redeneer dat die tiende gebruik kan word vir skooldoeleindes. Nog ander redeneer dat werwers en kolporteurs ondersteun behoort te word deur die tiendes. Daar word egter 'n groot fout gemaak wanneer die tiende weggetrek word van die doel waarvoor dit gebruik moet word — die ondersteuning van die predikant. Daar behoort vandag in die veld eenhonderd goed-gekwalifiseerde werkers te wees waar daar nou slegs een is* (Ellen G. White*, Testimonies to the Church,* vol. 9, ble. 248, 249).

Wat dan nou van die behoeftes van die "ondersteunende onafhanklike bedieninge" en ander fases van God se werk? Soos wat ek hierbo genoem het, moet voorsiening gemaak word vir ander dele van werk. Hulle moet onderhou word, maar nie uit tiende nie. God het nie verander nie; die tiende moet nog steeds gebruik word vir die ondersteunning van die bediening (Ellen G. White*, Testimonies to the Church,* vol. 9, bl. 250).

# 07

## PROBLEME IN DIE BEDIENING OF KONFERENSIE

# HOOFSTUK SEWE

## *Probleme in die Bediening of Konferensie*

Behoort 'n getroue Christen aan te hou om sy of haar tiende na die konferensie skathuis te stuur indien daar werklike of waargenome probleme in die bediening of die konferensie is? Weer, is daar raad van die Here op hierdie punt. In August 1890, was die afgevaardigdes van die Michigan Konferensie besig om voor te berei vir 'n verkiesingsvergadering. Daar was werklike probleme in die bediening daar en was al vir die afgelope 15 jaar. In hierdie geval, in plaas van om persoonlik te gaan soos wat sy gedoen het na die Kaliforniese verkiesingskomitee in 1907, het sy 'n manuskrip voorberei en dit na Michigan gestuur. Hierdie manuskrip staan bekend as Manuskrip 3*,* 1890. Dit is bevat in *Sermons and Talks*, vol. 2, ble. 71-79.

Die probleme in die bediening in Michigan was werklik en van die uiterste. Ellen White het waargeneem dat die predikante min regkry en nie die mense voed nie. Hulle self was onheilig. Sy het gesê dat sommige predikante oneerlik was, losbandig, min werklike werk verrig het, die werk afgebreek het, en geen las vir siele gehad het nie. Sy

het gesê dat daardie predikante wat gefaal het om te hervorm "ontneem moet word van hulle lisensie of geloofsbriewe, andersins sou die konferensie wat die werk van hierdie manne goedgekeur het, deel in hulle skuld."

As gevolg van hierdie probleme in die bediening het sommige opgehou om hulle tiendes te betaal, en sy het gesê dat rowery in die boeke van die hemel opgeteken staan teen hulle name. Toe het sy bygevoeg:

> *U wat u middele van die saak van God weerhou het, lees die boek van Maleági, en sien wat daar gesê word met betrekking tot tiendes en offergawes. Kan u nie sien dat dit onder geen omstandighede beter is om u tiendes en offergawes terug te hou nie omdat u nie in harmonie is met alles wat u broeders doen nie? Die tiendes en offergawes is nie die eiendom van enige mens nie, maar moet gebruik word om 'n sekere werk vir God te doen; onwaardige predikante mag sommige van die middele wat sodanig ingesamel is, ontvang; maar mag enigeen hieroor terughou van die skatkis en die vloek van God weerstaan? Ek kan dit nie waag nie. Ek betaal my tiende blymoedig en vrylik, en sê, soos wat Dawid gesê het, 'Van U eie het ons U gegee.' 'n Selfsugtige terughouding van God sal neig tot armoede in ons siele. Doen u deel, my broers en susters. God het u lief, en Hy staan aan die stuur. Indien die Konferensie se besigheid nie volgens die bevel van God bestuur word nie, is dit die sonde van die een wat verkeerd doen: die Here sal u nie verantwoordelik hou daarvoor nie, indien u doen wat u kan om die boosheid reg te stel. Moet egter nie self sonde doen deur van die Here Sy eie eiendom te weerhou nie.*

Sy het dieselfde sentiment persoonlik uitgespreek aan die Kaliforniese kiesers in 1907.

> *Sommige was ontevrede en het gesê: 'Ek sal nie langer my tiende betaal nie, want ek het geen vertroue in die manier waarop dinge in die hart van die werk bestuur word nie.' Maar sal u God beroof omdat u dink die bestuur van die werk is nie reg nie? Lê u klagte, duidelik en openlik, in die regte gees, voor aan die gepaste persone. Stuur u petisies in vir dinge om aangepas en reggestel te word; maar moenie onttrek van die werk van God en ontrou gevind word, omdat ander nie reg doen nie* (Ellen G. White*, Testimonies to the Church,* vol. 9, bl. 249).

# 08

## ELLEN WHITE SE GEBRUIK VAN DIE SKATHUIS

# HOOFSTUK AGT

## *Ellen White se Gebruik van die Skathuis*

Sommige het gevra, "Maar het Ellen White nie 'n presedent geskep deur haar tiende direk na andere wat goeie werk gedoen het, te stuur nie?" Wanneer die onderwerp deeglik bestudeer word, raak dit baie duidelik dat sy gedoen het wat sy gepreek het. Die primêre voorbeeld wat deur sommige gebruik was, is die tyd in die jare tussen 1900 tot 1906, toe Ellen White in Europa en Australië was. Die Here het vir haar gewys dat sommige van die gereelde predikante betrokke in die werk in die Suide nie genoegsame inkomste ontvang het nie. Haar reaksie was om die konferensie te kontak waar die werkers in diens was, in hierdie geval, die Suidelike Sendingvereniging, wat 'n goedgekeurde tak van die Wêreldkonferensie was. Toe het sy met haar persoonlike geld gehelp. Toe haar persoonlike geld uitgeput was, het sy van die tiende van haar boek se outeursaandeel gebruik. Sy het nie die geld direk aan individue gestuur nie. Die geld was in die skatkis van die Suidelike Sendingvereniging geplaas en was op 'n gereelde en ekonomiese manier uitbetaal aan goedgekeurde werkers wat in gereelde genootskaplike werk betrokke was.

Verskeie feite behoort hier in gedagte gehou te word.

1. Die werk was nie 'n privaat bedieningsbesigheid nie, maar 'n konferensie onderneming.

2. Beide Edson White en Willie White het getuig dat die predikante georden was en vir die Suidelike Sendingvereniging gewerk het, wat 'n goedgekeurde tak van die genootskap was.

3. Die tiende was deur 'n erkende tak van die georganiseerde werk gekanaliseer.

4. Ellen White het nie probeer om andere aan te moedig om haar voorbeeld te volg nie.

5. Die onreëlmatigheid was om tiende uit 'n tuiskonferensie na 'n ander tak van die georganiseerde werk te stuur.

Verwysings vir hierdie stellings: Arthur L. White, *Ellen G. White: Volume 5—The Early Elmshaven Years: 1900-1905,* ble. 392-397; W. C. White Statement, DF 113b; J. N. Loughborough, *The Great Second Advent Movement*, 1909 ed. bl. 436.

Wat volgens die Skrif as die Here se eiendom opsy gesit is, is die inkomste van die evangelie en behoort nie meer aan ons nie. Dit is niks minder as ontheiliging vir 'n mens om iets uit Gods skatkis te neem om sy eie of andere se alledaagse sake te bevorder. Sommige het gefouteer deur van die altaar van God middele weg te keer wat spesiaal aan Hom toegewy is.

– Ellen G. White, *Raad oor Rentmeeserskap,* bl. 79.

# 09

## DIE PLIG VAN DIE KONFERENSIE

# HOOFSTUK NEGE

## *Die Plig van die Konferensie*

Dit behoort baie voor die hand liggend te wees dat nie slegs alle kerklidmate self, 'n plig het om getrou te wees in die terugbring van die tiende na die skathuis nie — die konferensie-skatkis — maar ook die kerkleiers het 'n plegtige verantwoordelikheid om die geld verstandig te gebruik. Bykomend tot stellings oor die punt wat hierbo aangehaal is, help die volgende om hierdie punt te onderskryf:

> *Dit is die plig van ons konferensie om ons predikante te ondersteun* (Manuscript Releases, vol. 13, bl. 327).

> *Te dikwels was die kerke deur die tipe wat ek genoem het, beroof. Ek het [onbekwame predikante] genoem; want hulle neem hulle ondersteuning van die skatkis, en bring niks terug in ruil daarvoor nie. Hulle onttrek voortdurend die middele wat toegewy behoort te word vir die ondersteuning van waardige werkers. Daar behoort 'n deeglike ondersoek te wees van die gevalle van diegene wat hulleself uitgee as om vir die saak te werk. Die apostel waarsku u om "nie vinnig*

> *hande op enige man te lê nie." Indien die lewe nie is wat God kan aanvaar nie, sal die arbeid waardeloos wees; maar indien Christus in die hart woon deur geloof, sal elke verkeerde ding reggemaak word, en diegene wat soldate van Christus is, sal gewillig wees om dit in 'n goedgeordende lewe te bewys* (*Review and Herald,* 8 Okt. 1889).

Op 'n baie duidelike manier noem Ellen White twee omstandighede waar mense spesifiek nie deur die tiende ondersteun moet word nie: wanneer hulle nie die gesondheids-hervormingsraad volg nie en wanneer hulle nie hulle lidmate leer om getrou te wees aan God in hulle tiendes en offergawes nie!

> *As God se boodskappers, sal ons nie vir die mense sê nie: 'Of julle dan eet of drink, of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God?' 1 Korinthiërs 10: 31. Sal ons nie 'n besliste getuienis teen die toegewing van verdraaide eetlus uitleef nie? Sal enigeen wat bedienaars van die evangelie is, die plegtigste waarheid wat ooit aan menslike wesens gegee is, as 'n voorbeeld stel deur na die vleispotte van Egipte terug te keer? Sal diegene wat ondersteun word uit die skathuis hulleself toelaat deur selftoegewing dat die lewegewende stroom wat deur hulle are vloei vergiftig word? Sal hulle die lig en waarskuwings minag wat God aan hulle gegee het?* (Ellen G.White, *Testimonies to the Church,* vol. 9, bl. 159).

> *Laat die Kerk leraars of ouderlinge aanstel wat die Here Jesus innig liefhet, en laat hierdie manne sorg dat ampsdraers gekies word wat getrou sal toesien dat die tiendes ingevorder word. As die predikante openbaar dat hulle nie teen hul verpligtinge opgewasse is nie, as hulle in gebreke bly om voor die gemeente die belangrikheid daarvan te beklemtoon om Gods eiendom aan Hom terug te besorg, as hulle nie toesien dat die ampsdraers onder hulle getrou is nie en sorg dat die tiende ingebring word nie, verkeer hulle in groot gevaar.*

*Hulle verwaarloos 'n saak wat die gemeente tot seën of vloek kan strek. Hulle moet van hul verantwoordelikheid onthef word, en ander manne moet getoets en beproef word.* (Ellen G. White*, Raad oor Rentmeesterskap,* bl. 106).



# 10

## TIENDEBETALING EN EIND-TYD DRINGENDHEID

# HOOFSTUK TIEN

## *Tiendebetaling en Eind-Tyd Dringendheid*

Ellen White haal Maleági, hoofstuk 3, baie keer aan in haar geskrifte. Die bybelse konteks self en haar raad plaas hierdie hoofstuk in sy mees aangewese aspekte in die laaste dae.

> *Die profesie het 'n spesiale toepassing op die laaste dae, en leer Gods volk hulle plig om 'n getroue deel van hulle middele as 'n vrywillige offergawe aan die Here te bring.* (Ellen G. White*, Testimonies to the Church,* vol. 1, bl. 222).

> *Binnekort gaan die Here na hierdie aarde kom met krag en groot heerlikheid.... Nou, net nou, moet elkeen wat daarop aanspraak maak om 'n kind van God te wees van sy middele na God se skatkis bring, sodat daar 'n goeie voorraad sal wees om van te trek om die werkers te voorsien van fasiliteite om nuwe plekke binne te gaan om huidige waarhede aan te bied aan diegene wat dit nog nooit gehoor het nie* (Ellen G. White*, The Upward Look, bl. 360).*

*Van diegene wat 'n verkeerde gebruik gemaak het van die middele wat aan God toegewy is, sal vereis word om 'n verslag te gee van hulle rentmeesterskap.... Tensy daar 'n deeglike verandering is deur die vernuwing van die verstand, sal hierdie klas geen plek in die hemel vind nie.... God se saak en Sy skatkis is vir hulle nie heiliger as algemene besigheid of middele wat aan wêreldse doelstellings toegewy is nie* (Ellen G. White*, Testimonies to the Church,* vol. 2, bl. 519).

*Die laaste jare van proeftyd is vinnig besig om te sluit. Die groot dag van die Here is op hande. Ons behoort nou elke poging aan te wend om ons mense wakker te maak. Laat die woorde van die Here deur die profeet Maleági tuisgebring word tot elke siel [aanhalings Mal. 3: 6-10]* (Ellen G. White*, Testimonies to the Church,* vol. 6, bl. 446).



# Oor die Skrywer

G. Edward Reid is assistent vir die president vir BeplandeBydrae vir Adventiste Wêreldradio. Hy is die voormalige Rentmeesterskap Direkteur van die Noord-Amerikaanse Divisie van Sewendedag-Adventiste. Hy is ‘n geordende predikant en ‘n gelisensieerde prokureur.

Ed is ‘n graduant van Southern Adventist Universiteit en besit Meestersgrade van Andrews Universiteit (M.Div.) en Loma Linda Universiteit (M.P.H.), ‘n Doktor in die Regte graad ( J.D.) van Georgia State Universiteit, en ‘n Gegradueerde Sertifikaat in Persoonlike Finansiële Beplanning van City Universiteit. Hy het die kerk in onderwys, pastorale bediening, Evangelisasie, en ander departementele posisies gedien.

Ed het aansienlike studie gedoen oor die onderwerpe van Christelike Geldbestuur en Eskatologie. Sy boeke, It’s Your Money, Isn’t It? Even at the Door, Sunday’s Coming! en Ready or Not was almal beste-verkopers by die Adventiste Boeksentrums. Hy is getroud met Kathy Randolph Reid, wie ‘n geregistreerde verpleegster is, ‘n sekretaresse, en ‘n tuisteskepper. Die Reids het twee volwasse kinders, Andrew en Melissa.

# GOD EERSTE

# EK BELOOF:

- Om die eerste oomblikke van elke dag **TOE TE WY**, om met die Here te kommunikeer deur **GEBED, die STUDIE van** die Bybel, die Gees van Profesie en die Sabbatskoollesse, asook in **GESINSGODSDIENS.** ☐
- Om my **VERHOUDINGS** te **VERBETER** deur te groei in getrouheid, vergewensgesindheid en beginselvas te wees in liefde. ☐
- Om een **NUWE GESONDE GEWOONTE AAN TE KWEEK** om sodoende die Here verstandelik beter te dien. ☐
- Om een dag (of aand) weekliks daaraan **TE WY** om vir God te **WERK** deur die goeie nuus met ander te deel deur bybelstudies, klein groepies, ens. (TLB) ☐
- Om die **SABBAT** te **HOU**, deur voorbereiding op Vrydag, binne perke te bly met regte gedagtes en aktiwiteite. ☐
- Om **GETROU** die Here se **TIENDE** terug te gee (10% van my inkomste). ☐
- Om 'n persentasie van my inkomste (.....%) **TOE TE WY** aan die Here as 'n gereelde **OFFERGAWE.** ☐

**MET GOD SE HULP:** ______________________ **DATUM:** ____________

**RENTMEESTERSKAP BEDIENINGE**

VIR MEER INLIGTING OOR BELOFTE, BESOEK
https://stewardship.adventist.org/promise-offerings.

Review&Herald®
PUBLISHING ASSOCIATION

9780828028608